## HOOFSTUK 1

### 1 Inleiding

Die verskynsel van ontevredenheid onder studente wat geleidelik die vorm van opstandigheid aangeneem het, is 'n wêreldverskynsel. Na= sionale grense, verskeidenheid van politieke ingesteldheid en ekono= miese ontwikkeling het in die onlangse verlede weinig verskil gemaak ten opsigte van studenteonluste.

Ontwikkelde volkere wat as die kulturele en ekonomiese leiers van die wêreld beskou word, sowel as onderontwikkelde volkere wat worstel om die styl berg van selfhandhawing te bestyg, is deur die verskynsel geteister. Groot moondhede met sterk militêre slaankrag waardeur die magsewewig in die wêreld in balans gehou word, sowel as klein, wankelende staatjies, is met die fenomeen gekonfronteer. Verskeie lande in Europa, Asië, Afrika, Noord- en Suid-Amerika het op een of ander tydstip tussen 1964 en 1970 die aanslag van die opstandige student gevoel.

Aktivisme onder studente is egter geensins 'n verskynsel wat net in die jongste verlede te voorskyn gekom het nie. Weliswaar het dit baie sterker onder die aandag gekom vanweë die aksentuering daarvan deur die moderne kommunikasiemiddels, maar in menige land is dit 'n ou en bekende verskynsel. In Frankryk was Paryse studente in die dertigerjare van die vorige eeu die aanhitsers van opstande en die voorbokke in radikale politieke bewegings. In Duitsland en Oos= tenryk was studente gedurende die 1848-revolusie sleutelfigure. Die

Russiese revolusionêre bewegings, veral in die negentigerjare, vertoon soortgelyke kenmerke. Ook in Sjina het studente in die revolusie van 1917 die voortou geneem.

In die wêreldliteratuur was Victor Hugo met sy roman, Les Miserables (1862), die baanbreker om die revolusionêre tipe van student noukeurig te teken, 'n tipe wat, psigologies beoordeel, honderd persent sou pas in enige latere studentebeweging, of dit nou die Russiese van 1890, die Sjinese van 1917 of die Berkeley-opstand van 1964 is.[1)]

Hoewel die tweede helfte van die sestigerjare van ons eeu studente= opstande op elke kontinent van die aardbol opgelewer het; hoewel daar veel ooreenkoms ten opsigte van die dieperliggende griewe en veral ten opsigte van strategie en taktiek van konfrontasie aangemerk kon word, is daar geensins sprake van een of ander internasionale sameswering nie. Daar sou hoogstens van internasionale kontak en skakeling sprake kon wees. Dit word allerweë erken dat die gewel= dige trefkrag van die massanuusmedia, en veral televisie, naas die toenemende wêreldwye mobiliteit van studente, belangrike stimuli vir studenteonluste was.[2)]

1) Feuer, Lewis S. The conflict of generations. The character and significance of student movements. New York, Basic Books, 1969, p. 17.

2) Cf. Califano, Joseph A. jr. The student revolution. A global confrontation. New York, W. W. Norton and Company, Inc., 1970, pp. 53, 62.

Wat die V.S.A. betref, was die dertigerjare die enigste vorige dekade waarin daar van ernstige politieke bedrywighede onder studente sprake was. Die inisiatief het egter nie in daardie tyd van hulle uitgegaan nie. Hulle was net die kampusbondgenote van die andersdenkendes wat nie studente was nie - arbeidersvakbondlede, sosialiste en selfs kommuniste van die „Old Left".

Die studenteonluste van die sestigerjare in die V.S.A. is reeds daarin uniek dat dit vanuit die geledere van die studente self gegroei het en, ondanks latere pogings om arbeiders geïnteresseerd te kry, tot studen=tegeledere beperk gebly het.[3)]

Elkeen wat studie maak van die opstandige student en sy bedrywighede in die V.S.A. gedurende die sestigerjare, word onmiddellik geplaas voor die probleem van die geweldige ingewikkeldheid daarvan. Dit is geheel-en-al futiel om te soek na enige simplistiese of selfs een=duidige verklaring. Mens het hier te doen met 'n hoogs komplekse verskynsel.[4)]

3) Cf. Kerr, Clark. Student dissent and confrontation politics. (In Foster, Julian and Long, Durward, eds. Protest; student activism in America. New York, William Morrow and Company, Inc., 1970, p.3.)

4) Cf. Van der Hoeven, P.J.A. Studenten in aanval. Alphen aan den Rijn, N. Samsom NV., 1970, p.89; Keniston, Kenneth. Youth and dissent; the rise of a new opposition. New York, Harcourt Brace Jovanovich, Inc., 1971, p.180; Halleck, S.L. Hypotheses of student unrest. (In Brickman, William W. and Lehrer, Stanley, eds. Conflict and change on the campus: the response to student hyperactivism. New York, School and society books, 1970, p.141.)

Die kompleksiteit van die verskynsel word veroorsaak deur 'n groot verskeidenheid van faktore. Dit word veroorsaak deur die gebrek aan 'n goed georganiseerde beweging met 'n vaste program van beginsels, 'n duidelike grondslag, 'n welomskrewe doel en 'n beplande „modus operandi". Dit word verder in die hand gewerk deur die aarseling en onsekerheid in die oogmerke, die wisseling, onvoorspelbaarheid en selfs wispelturigheid van optrede. Die kompleksiteit word ook verhoog deur die diversiteit van grade van betrokkenheid sowel as die verskeidenheid van betrokkenes. Die aangeleentheid lê nie maar net op persoonlike vlak nie maar dit raak die huisgesin, die skool, die universiteit, die kerk, die korporatiewe instellinge soos die mili= têre en die industriële instansies. Trouens, die hele samelewing is daarmee gemoeid.

Dit is geen wonder nie, dat die verskynsel van studenteaktivisme in Amerika buitengewoon veel aandag ontvang het. Dit het in die eer= ste plek gebeur by wyse van publisiteit wat daaraan gegee is van die kant van die massanuusmedia.

Die vlaag van studenteopstandigheid het buitengewone nuusdekking ge= niet in tydskrifte, koerante, radio- en televisieprogramme. Vir maande lank gedurende die hoogkonjunktuur en spitstye van die onlus= te soos in 1964, 1968 en 1970 sou dit beskryf kon word as die be= langrikste nuus van die dag.

Veel belangriker is egter dat vanaf die eerste aksies van die „Civil Rights Movement" te Berkely in 1964 talle sosiale wetenskaplikes serieus van die verskynsel kennis geneem het by wyse van deelname,

observasie of navorsing.[5]

Van die kant van individuele wetenskaplikes, navorsingsgroepe, univer= siteitsowerhede en -kommissies en selfs die owerheid, is intense be= langstelling getoon. Teen die einde van 1970 het daar uitsluitlik op die gebied van empiriese studies oor studenteaktivisme reeds ongeveer honderd werke verskyn.[6] Talle aspekte word daarin en in honderde ander teoretiese bronne behandel.

Julian Foster het in 'n analitiese bibliografiese studie in 1970 'n sis= tematiese oorsig gegee van die belangrikste biografieë, versamelwer= ke en artikels wat tot op daardie tydstip verskyn het.[7] Dit is 'n imponerende lys van nagenoeg driehonderd. Verreweg die meeste daarvan is Amerikaanse werke en handel oor die verskynsel van stu= denteonrus in die V.S.A.

Foster onderksei tussen algemene, oorsigtelike werke en detail kam= pusstudies, tussen empiriese navorsingsresultate en teoretiese be= skouinge, tussen analitiese, impressionistiese weergawes en evalue= rende en interpreterende bevindinge, tussen afbrekend-kritiese uiteen= settinge en simpatiek-waarderende en verdedigende loftuitinge.

5) Keniston, Kenneth. Young radicals; notes on committed youth. New York, Harcourt Brace Jovanovich, Inc., 1968, p. 296.

6) Keniston. Youth and dissent, p. 269.

7) Foster, Julian. Student protest: what is known, what is said. (In Foster and Long, op. cit., pp. 48 - 58.)

Hierdie veelheid van materiaal oor die onderhawige onderwerp vereen=voudig allermins, maar verhoog eerder die kompleksiteit daarvan. Vanweë die kontradiktoriese in die diverse bevindinge word soms die indruk gewek dat talle studies subjektief gekleurd is en dat dit vanuit 'n vooringenome standpunt van òf afkeur òf instemming geskryf is. Dit is egter net so waar dat daar ook baie nugtere pogings aan die dag gelê is om objektief en wetenskaplik te analiseer en te evalueer. Die probleem by sommige van hierdie werke is miskien reeds hulle algehele objektiwiteit of sogenaamde neutraliteit. Dan ontbreek nie alleen 'n tendensieuse vooringenomenheid na regs of links nie, maar dan ontbreek ook alle normatiewe kwalifisering en artikulering.

Onder die uitgesproke simpatiseerders met studenteaktivisme, kan be=kende name genoem word soos dié van Carl Davidson, Tom Hayden, Carl Oglesby, Mario Savio, Harold Taylor, Kenneth Keniston, Paul Goodman, Charles Hampden-Turner, e.a.

Onder die kritici tel skrywers soos Sidney Hook, Nathan Glazer, Seymour Lipset, Irving Kristol, Irving Howe, Lewis Feuer, Daniel Bell, S.L. Halleck, e.a.

Om tot 'n gebalanseerde oordeel te kom is dit ongetwyfeld nodig om van albei standpunte ernstig kennis te neem. Daar kan simpatieke begrip wees sonder om alles goed te praat. Daar kan ook indringen=de kritiek wees sonder om uit te skel en te verneder. Uitsluitlik langs dié weg is dit immers moontlik om die opstandige student self te bereik.

Nog 'n faktor wat die studie van die onderwerp bemoeilik, is dat ver=skeie skrywers 'n poging aangewend het om die hele verskynsel in sy bonte verskeidenheid vanuit een bepaalde gesigshoek te betrag en te beskryf. Daar word dan 'n poging aangewend om aan die hand van 'n bepaalde hipotese die hele ingewikkelde verskynsel te verklaar. Lewis Feuer,[8] byvoorbeeld, neem as uitgangspunt die gedagte van generasiekonflik, Theodore Roszak[9] dié van 'n ontwakende kontra=kultuur, Jean-Francois Revel[10] dié van 'n breedgeskakeerde revo=lusie, Charles Reich[11] dié van 'n ontwakende nuwe of derde bewus=syn, Zbigniew Brzezinski[12] dié van 'n kontrarevolusionêre mag, Bruno Bettelheim[13] dié van die gefrustreerde, oorbodige jeug en Marshall McLuhan dié van die deur nuusmedia gekondisioneerde jeug.[14]

8) Feuer, Lewis. The conflict of generations; the character and significance of student movements. New York, Basic Books, 1969.

9) Roszak, Theodore. The making of a counter culture. New York, Doubleday and Co. Inc., 1969.

10) Revel, Jean-Francois. Without Marx or Jesus; the new American revolution has begun. New York, Doubleday and Co. Inc., 1971.

11) Reich, Charles. The greening of America. New York, Random House, 1971.

12) Brzezinski, Zbigniew. Revolution and counterrevolution. (In Wallerstein, Immanuel and Starr, Paul, eds. The university crisis reader. II. New York, Random House, 1971, pp. 447 v.)

13) Bettelheim, Bruno. Obsolete youth. Encounter, Sept. 1969, pp. 29 - 42.

14) McLuhan, Herbert Marshall and Fiore, Quentin. The medium is the message. London, Lane, 1967.

Al hierdie beklemtoninge besit ongetwyfeld 'n element van waarheid, maar dit kan nie aanspraak maak op die volle waarheid nie. Trouens, in baie gevalle is die eensydige en eenduidige aksentuering van die verskynsel 'n oorvereenvoudiging.

Halleck skematiseer die verskeidenheid van aksentueringe en konsipieer eventueel 'n vyftiental hipoteses.[15)] Afgesien van die byna belaglike voorstelling van sake, oortuig hy met sy poging deur te bewys dat dit totaal onmoontlik is om die verskynsel van studenteaktivisme oor een enkele noemer te plaas. Die waarheidselemente in elkeen van die hipoteses kan nietemin verdiskonteer word en meehelp om volle pers= perktief op die aangeleentheid te verkry.

'n Laaste aspek wat duidelik waarneembaar is by die bestudering van die talle bronne, en dit bewys ook weer die kompleksiteit van die onderwerp, is dat verskeie wetenskaplikes hoofsaaklik oog het vir dié faktore, prosesse en optredes by die opstandige student wat te doen het met hulle besondere wetenskaplike dissipline. Mens vind dat 'n opvoedkundige hoofsaaklik opvoedkundige fasette in berekening bring, 'n psigoloog psigologiese fasette, 'n politikoloog politieke fasette, ens. Keniston, bv. wat psigoloog is, verklaar: „For one, I believe that the emergence of a youthful counter-culture is an event that can be understood only psychohistorically. It involves the interaction of individual personalities in all of their complexity, depth and change=

15) Halleck, S. L., op. cit., pp. 126 - 143.

ability with new social, cultural, and educational conditions ... The validity of a psychohistorical approach is constantly brought home to me by my daily research ..."[16] Die belangrikste monografieë van Keniston was dan ook dieptepsigologiese studies van klein groepies aktiviste- of vervreemde jeugdiges.[17]

Lipset weer, wat 'n politikoloog van naam is, en wat 'n hele aantal werke oor studenteaktivisme geskryf het, aksentueer byna eensydig die politieke gemotiveerdheid van die betrokkenes. Die legitimiteit van hierdie stelling blyk selfs uit die name van sy boeke en artikels oor die onderwerp: „Student politics",[18] „Student politics and higher education" (saam met Philip G. Altbach),[19] „Students and politics in comparative perspective",[20] „Students and politics" (saam met Philip G. Altbach),[21] „University students and politics

16) Keniston. Youth and dissent, p. ix.

17) Cf. Keniston. Young radicals, (wat handel oor aktiviste) en: The uncommitted. New York, Harcourt, Brace and World, 1965 (wat handel oor die vervreemde, hippie-agtige jeug).

18) Lipset, Seymour Martin. Student politics. New York, Basic Books, 1967.

19) Lipset, Seymour Martin and Altbach, Philip G. Student politics and higher education in the United States. Comparative education review, Vol. 10, No. 2, June, 1966.

20) Lipset, Seymour Martin. Students and politics in comparative perspective. Seminar on manpower policy and program, U.S. Department of Labour, Washington, D.C., 1968.

21) Lipset, Seymour Martin and Altbach, Philip G., eds. Students and politics. Boston, Houghton Mifflin, 1969.

in underdeveloped countries"[22] en „Passion and politics" (saam met Gerald M. Schaflander).[23]

Sidney Hook en Clark Kerr getuig in hulle geskrifte van 'n opvoedkun= dige benadering en Nathan Glazer, Daniel Bell, Lewis Feuer, e.a. benader die verskynsel hoofsaaklik vanuit die gesigshoek van die sosio= logie.

Die opvallende verskynsel is egter dat hoewel die fokuspunt van elke skrywer grootliks bepaal is deur sy besondere wetenskaplike dissipline, daar tog op talle punte ooreenstemmende resultate verkry is. Joseph Katz het tot 'n soortgelyke slotsom gekom nadat hy 'n vergelykende studie gemaak het van die werk van Block, Haan en Smith, Heist, Katz, Lyonns, Somers, Watts en Whitaker, Flacks, Westby en Braungart: „These studies were done independently by investigators from different social science disciplines, with different instruments and different research styles. Yet the results of these studies con= verge ... Several investigators agree on most of the findings report= ed here, and with one exception to be noted, the findings are not in= consistent with each other."[24]

22) Lipset, Seymour Martin. University students and politics in underdeveloped countries. Comparative education review, Vol. 10, No. 2, June, 1966.

23) Lipset, Seymour Martin and Schaflander, Gerald M. Passion and politics: Student activism in America. Boston, Little, Brown and Company, 1971.

24) Katz, Joseph. Student activists. (In Axelrod, Joseph and Freedman, Mervin B., eds. Search for relevance. San Fran= cisco, Jossey-Bass Inc., Publishers, 1969, p.109.)

Die suiwerste perspektief word verkry as die komplekse onderwerp van verskillende kante bestudeer word. Dit is soos 'n berg wat, om dit werklik te ken, nie maar net vanuit een hoek besigtig mag word nie. Daarby moet selfs die omgewing van die berg in oënskou ge=neem word.

Die opstandige student kan dus nie verstaan word deur alleenlik 'n psigologiese ontleding te maak van sy komplekse individuele persoon=likheid nie. Ook kan hy nie begryp word as alleen aandag gegee word aan omgewingsfaktore wat sy persoonlikheid gevorm het nie, soos die huislike, sosiale, kulturele, ekonomiese, opvoedkundige, godsdienstige en politieke. Selfs bied bestudering van die instansies en omstandighede waarteen die aktivis se weerstand opgebou het, nie die volle antwoord nie. Al hierdie faktore moet in aanmerking ge=neem word.

Met Foster kan ons saamstem as hy konstateer: „... the study of activism does not fit neatly into any of the disciplines as traditionally understood; it has interest for the sociologist, the psychologist, the political scientist, the historian and those who teach 'education', and each of these can emply his professional tools upon it."[25)]

Alles in ag geneem, skyn die sosiologie, nader nog die opvoedkundige sosiologie as wetenskaplike dissipline, die beste in staat te wees om

25) Foster, op. cit., p. 28.

'n geheelbeeld van die verskynsel van studenteaktivisme te bied.

Die rede hiervoor is in die eerste plek geleë in die verskynsel self. Mens het hier te doen met 'n sosio-kulturele verskynsel wat as kontra-eksponent van die studentesubkultuur aangemerk moet word. Wil 'n mens die verskynsel voorlopig definieer, dan stuit mens nood=wendig op die psigologiese teendeel van passiwiteit - meer nog, op 'n aktiewe poging om bepaalde frustrasies te bowe te kom in plaas van 'n stereotipe konformiteitshouding by die radikalisties-georiënteer=de student. Maar ewe belangrik is die sosiale en opvoedkundige milieu wat omstandighede bevat waarteen persone of groepe van per=sone in botsing kom om dit te probeer verander. Die aktivis trag ook om persoonlike en sosiale beperkinge uit die weg te ruim en aller=weë groter vryheid en soms mag vir homself en vir ander te bewerk=stellig. Ten slotte is die aktivis gewoonlik bereid om sekere toe=komstige sosiale en ekonomiese geleenthede prys te gee en persoon=like risiko's te loop in belang van sy doel.[26)]

In die tweede plek is die sosiologie die beste in staat om die verskyn=sel te analiseer en te evalueer omdat die sosiologie, veel meer as ander sosiale vakwetenskappe, 'n totaalbeeld van die menslike same=lewing trag te bekom. Dit gaan daarin empiries te werk en dit ondersoek die verhoudinge van persone, verbande en strukture op grond van feitelike gegewens. Die taak van die sosiologie eindig

26) Cf. Katz, op.cit., pp.107, 108.

egter nie daarmee nie. Die positivistiese grondleggers van die sosiologie het wel geen breër of dieper taak aan die sosiologie toege= ken as die oorsaaklike verklaring van die sosiale verskynsels nie. Dit moes alleen kennis neem van die blote feite a la die, in die vorige eeu so bekende, natuurwetenskaplike metode sonder om enige waarde= bepaling te maak of normatiewe maatstawwe aan te lê. Maar daarin lê juis die positivisme se tekortkoming. [27]

Die sosiologie is immers, benewens 'n empiriese, ook 'n normatiewe wetenskap. Dooyeweerd het hierdie fundamentele en wesentlik-bepa= lende artikulering van die sosiologie as wetenskap meesterlik vertolk: „Men realiseerde zich niet, dat de menselijke samenlevingsverhou= dingen ons niet op de wijze van zinnelijk waarneembare ‚natuurfeiten' in de zin der klassieke natuurkunde gegeven zijn, maar dat zij ons eerst in een verscheidenheid van onzinnelijke typische structuren toe= gankelijk worden, die zich niet naar natuurwetenschappelijke methoden laten vaststellen. Staat, kerk, gezin, huwelijk, bedrijfsgemeenschap, klassen en standen, enz. enz. zijn geen grootheden, die zich als zodanig laten wegen en meten en op objectieve wijze in de zinnelijke waarneming gegeven zijn. Zonder het aanleggen van normen of be= hoorlijkheidsmaatstaven laat zich hun bestaan niet vatten. Hun feite= lijkheid is door zulke normen bepaald, ook voor zoverre zij in de wijze van hun feitelijk functioneren met de laatste in strijd komen.

27) Dooyeweerd, H. Verkenningen in de wijsbegeerte, de sociologie en de rechtsgeschiedenis. Amsterdam, Buijten en Schipper= heijn, 1962, pp. 70 - 75.

Ook de feitelijke werkzaamheid van een dievenbende laat zich als zo= danig niet vaststellen zonder het aanleggen van de normen ener ge= ordende samenleving."[28]

Dooyeweerd se uitgangspunt vir die sosiologie, soos trouens vir enige wetenskap, is die skriftuurlike grondmotief van die Christelike religie. Hierdie grondmotief dien as grondslag van alle tydelike samelewings= verhoudinge. So word die religieuse wortelgemeenskap van die mens= heid geopenbaar en die wetenskaplike blik geskerp vir die eie-aard van die tydelike lewenskringe.

In die lig hiervan het die sosiologie as wetenskap dus 'n tweërlei taak: Die eerste is die teoretiese analise van die onderskeie inva= riante struktuurtipes of tipiese struktuurprinsipes van die samelewings= verhoudinge. Dit is die taak van die wysgerige sosiologie en van geen enkele ander vakwetenskap nie. Die tweede is die ondersoek van die diverse vorme waarin die onderskeie struktuurtipes in die tydelike samelewing gepositiveer word en met mekaar in wedersydse beïnvloeding vervleg is. Dit is die taak van die positiewe of empi= riese sosiologie.[29] Die konklusie van Dooyeweerd is logies en dit gee eintlik 'n „modus operandi" aan vir enige goed-verantwoorde sosiologiese studie: „De positieve sociologie is in haar visie op de typische aard der onderscheiden typen van samenlevingsbetrekkingen

28) Ibid., p. 76.

29) Ibid., pp. 96, 97.

en op hun onderlinge verhouding afhankelijk van de wijsgerige sociolo=gie, en de laatste is afhankelijk van het religieuze grondmotief dat haar uitgangspunt vormt."[30)]

Dengerink onderskryf in sy proefskrif geheel-en-al die standpunt van Dooyeweerd en spreek die oortuiging uit dat die sosiologie tog as totaalwetenskap bestaansreg het, as dit maar alle aspekte van die tydelike werklikheid in rekening bring.[31)]

Met die opvattinge van Dooyeweerd in verband met die sosiologiese wetenskap as leidraad, word die verskynsel van studenteaktivisme nou verder sosiologies-opvoedkundig drieledig geanaliseer en geëvalueer.

Die volgende vyf hoofstukke bevat die resultaat van 'n indringende empiriese ondersoek. Dit vorm die eerste hoofdeel van die werk.

Wat hierdie empiriese ondersoek betref, word eers 'n algemene oriën=tering gebied in hoofstuk 2. Daarna volg in hoofstuk 3 'n beskrywing van die verskynsel van studenteradikalisme met sy tweërlei aksent van politiek-georiënteerde aktivisme en kultureel-gemotiveerde, Hippie-agtige vervreemding. Aan laasgenoemde word by wyse van vergely=king en teëstelling met eersgenoemde breër aandag gegee.

30) Ibid., p. 97.

31) Dengerink, J.D. Critisch-historisch onderzoek naar de socio=logische ontwikkeling van het beginsel der „souvereiniteit in eigen kring" in de 19e en 20e eeu. Kampen, Kok, 1948, p. 191.

Hoofstuk 4 bevat die beskrywing van studenteaktivisme self ten opsigte van die „New Left"-beweging, en die organisasie van die „Students for democratic society". Getalle en metodes word ook bespreek. Die strydpunte van die opstandige student kom in hoofstuk 5 aan die orde en die agtergrondsfaktore op die sosio-kulturele, politieke, eko=nomiese, religieuse, opvoedkundige en wysgerige vlakke in hoofstuk 6.

Na die empiriese ondersoek van hoofstukke 2 tot 6 word in hoofstuk 7 tot die tweede hoofdeel van die werk oorgegaan. Met behulp van die wysgerige sosiologie word 'n normatiewe en prinsipiële perspek=tief op die struktuurtipiese eie-aard van die universiteit en op die plek van die student aan die universiteit gebied.

Die laaste twee hoofstukke bevat die derde hoofdeel van die werk. In hoofstuk 8 word, by wyse van evaluering, na die diepste religieuse grondmotiewe van die opstandige student en van die „Establishment" waarteen hy dit het, gevra. Die student se strydpunte sowel as sy antwoord op die problematiek word aan die hand van die bevindinge van hoofstuk 7 en met gebruikmaking van die transendentaal-kritiese metode, op die weegskaal geplaas. Dit blyk dan dat beide alterna=tiewe, dié van die status quo en dié van die postulaat van die revo=lusie, onaanvaarbaar is.

In die slothoofstuk word die reformatoriese religieuse grondmotief as uitgangspunt gebruik en getrag om enkele riglyne vir 'n derde alter=natief, nl. die Christelike, daar te stel.

Verskeie metodes is gebruik vir die verkryging van betroubare gegewens.

In die eerste plek is op formele en informele vlak samesprekings ge= voer met talle dosente en studente van regse en linkse oriëntering aan verskeie Amerikaanse universiteite en kolleges asook met dosente van „The Institute for Christian Studies" in Toronto, Kanada. In die tweede plek is soveel moontlik gebruik gemaak van outentieke navor= singsresultate van erkende wetenskaplikes en/of navorsingspanne. In die derde plek is kennis geneem van amptelike dokumente en/of ge= skrifte van die kant van regerings- en universiteitsinstansies. Laas= tens is perspektief op die onderwerp verkry deur die bestudering van monografieë, versamelwerke en artikels van wetenskaplike aard. Al hierdie gegewens is geanaliseer en daaruit is die relevante aspekte ge= selekteer, geverifieer en geëvalueer. Hierna is gekom tot sinteti= sering en sistematisering.

Die skrywer het dus getrag om op wetenskaplike wyse, sonder voor= ingenomenheid, gerigte empiriese navorsing te doen en langs hierdie weg 'n profiel te teken van die tipiese opstandige student in die V.S.A. Anders gestel, daar is getrag om deur beskrywing en inter= pretasie tot 'n sintese van die verskynsel van studenteaktivisme te ge= raak binne die raamwerk van 'n spesifieke tyd en 'n besondere sosio-pedagogiese milieu. Aangesien die sosiologie egter ook normatiewe wetenskap is, is nie net empiries te werk gegaan nie, maar ook tran= sendentaal-krities. Daarom is ook gevra na grondmotiewe, na tipie= se strukture, na prinsipiële grondslae en daarom kan ook getakseer en geweeg, geëvalueer en getoets word.